NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 14
4 Mei 2023

# Delmas se nominasie as Dorp van die Jaar

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die meeste mense het die nuus dat Delmas genomineer is as Dorp van die Jaar met verbasing en ongeloof begroet. Sommige het gedink dit is 'n grap, en ander het in geen onduidelike taal nie met afkeuring gereageer.**

Hoe gebeur dit dat Delmas deel geword het van die kompetisie terwyl ons, soos die meeste plattelandse dorpe, sukkel met die verval van infrastruktuur? Diegene wat bekend is met Delmas sal weet dat daar daagliks 'n groot aantal steenkoolvragmotors deur ons dorp beweeg wat ons paaie beskadig. Soos met die meeste plattelandse dorpe, is die stadsraad nie in staat om die verval te bestuur nie.

Met dit gesê, het ons so 'n bietjie meer as twee jaar gelede begin met 'n organisasie genaamd Delmas Herleef. Vir meer as twee jaar is ons as 'n groep vrywilligers besig om Delmas te herstel. Ons maak slaggate reg, tel rommel op, verf randstene en plant bome. Vir meer as twee jaar is ons in gesprek met Delmas se stadsraad, en oor dié tyd het 'n wedersydse verstandhouding van ondersteuning ontstaan. Waar nodig, verskaf die stadsraad hulp of reguleer hulle die verkeer, sodat ons herstelwerk kan doen.

Einde 2022 het 'n groepie van ons die vorige wenner van die Dorp van die Jaar-kompetisie, Kroonstad, gaan besoek. Ons wou by hulle leer. In Kroonstad het ons opnuut besef dat indien ons nie self iets gaan doen nie, niks gaan verander nie. Die besoek aan Kroonstad het ons opnuut gemotiveer om meer te doen ten einde 'n beter toekoms te skep.

Delmas is deur iemand van buite Delmas genomineer. Die nominasie was vir ons as Delmas Herleef tegelyk 'n verrassing en 'n skok. Tog was dit vir ons ook 'n uitdaging. As ander dorpe dit kan doen, kan ons dit ook doen. Vir ons is die fokus van die kompetisie nie op hoe ons dorp nou lyk nie, maar op hoe ons dorp kan lyk as almal saam iets doen. Alhoewel nie almal positief is oor ons kans om die kompetisie te wen nie, het die verskillende kerke se leraars ingekoop op die nominasie en het ons gaan kyk na Nehemia se herbouing van die muur om Jerusalem. Nehemia was hartseer oor die toestande in Jerusalem, en nadat hy die nodige beplanning gedoen het, het hy elkeen in Jerusalem aangemoedig om deel te word van die herstel van die muur. Nehemia-hulle is ook bespot en uitgelag vir hul poging, maar hulle het aanhou bou totdat die muur herstel is.

So is dit ook in Delmas, maar dan is dit ook waar van die meeste dorpe en stede in ons land. Die uitdagings en teenstand is oral baie. Sommige herstel en ander brand af. Sommige tel rommel op en ander strooi die rommel. Sommige het hoop en ander is moedeloos. Sommige wil nog probeer en ander wil nie.

Dorp van die Jaar of nie, dit maak nie saak nie. Wat wel saak maak, is dat Delmas se inwoners die toekenning van "Inwoners van die Jaar" behoort te wen. Ons inwoners gee nie op nie. Ons sal aanhou om te doen wat reg is. Ons sal aanhou om te herstel en op te bou, om skoon te maak en te verf. Ons sal aanhou om hoop te gee en saam te bou aan 'n beter toekoms. Elke dorp en elke gemeente behoort deel te word van die opbou van die omgewing waar ons woon.

**Dr Martin Jansen van Rensburg, Delmas**

